




Die fluitende man

-  Magda Swartz
-  Petrus Amuthenu
-  Helena Vilonel
-  4
-  Afrikaans af



Dis Saterdag en Rico gaan dorp toe saam met sy ma.
Hy hou daarvan om dorp toe te gaan. Die dorp is
opwindend! Daar is baie om te sien.



Rico hou sy ma se hand baie styf vas. Baie mense loop by hulle verby.



Daar is stalletjies wat pragtige handgemaakte kunswerk verkoop.



Daar is klein kameelperdjies wat uit hout gekerf is, verkleurmannetjies en akkedisse gemaak van draad en gekleurde kraletjies en juwele gemaak van volstruise se.eiers.



Dan hoor hy dit! Iemand fluit the lieflike deuntjie van 'Amazing Grace ". Hy gaan staan om te luister. Waar kom dit vandaan?



“Ek het nog nooit iemand so mooi hoor fluit nie,” dink hy by homself.



Hy baan sy weg deur die mense. Daar sien hy die man wie so fluit. Mense gooi muntstukke in 'n klein blikkie voor hom. Maar...iets is verkeerd...



Die fluitende man kyk nie na die mense nie. Hy kyk ook nie na die geld nie. Hy kyk na niks nie. Hy soek na die muntstukke in die blikkie en sit dit dan in sy sak.



Rico staar na die fluitende man en dink, “ Miskien is hy blind. ” Rico het nog nooit tevore ‘n blinde persoon gesien nie. Hy voel bang. Hy gryp sy ma se rokspante vas en vra saggies, “ mamma, is daardie man blind?”



Sy vat sy hand. “Ja, ” antwoord sy, “Ja, hy is blind. Kyk, hy het ‘n wit kerie. Baie blinde mense dra ‘n wit Kerie. Hy gebruik dit om gate en hindernisse te vermy.”



“Maar hoe het hy dan dorp toe gekom? Hoe het hy die pad gevind tussen al die mense deur?” vra Rico.



Sy ma vertel vir hom: "Miskien het hy iemand wie hom help om sy weg te vind. Ons noem so 'n persoon 'n gids."




Hulle stap tot by die dieretuin. Die robotte se lig slaan oor na groen, die karre stop en die voetgangers loop oor die straat.




“Kyk na die robot se ligte. Wanneer dit groen is, kan ons sien dat dit veilig is om die pad oor te steek. In sommige lande is daar ook ‘n geluid,” sê Rico se ma. “Wanneer blinde mense die geluid hoor, weet hulle dis veilig om oor die pad te loop.”




Hulle sit op die groen grasperk van die dieretuin en kyk na die mens wie verby loop. "Sommige mense het 'n gidshond," sê sy ma. "Daardie honde is afgerig om hulle eienaar te begelei, maar hulle is baie duur. Daar is baie min gidshonde in Namibië."




“Die blinde man kan nie tv kyk nie,” sê Rico. “Hy kan die tv en radio hoor,” vertel Rico se ma vir hom.
“Blinde mense kan gereeld dinge baie beter hoor as mense wie kan sien.”




“Maar hy kan nie boeke of koerante lees nie,” sê Rico.
“Daar is boeke wat in Braille geskryf is. In die plek van woorde wat in ink gedruk is, is daar kolletjies wat uitstaan wat die letters vorm. Dis soos ‘n kode.”



“Hoe kan hy dit lees as hy dit nie kan sien nie?” “Hy lees met sy hande. Hy voel die uitstaande kolletjies met sy vingers, net soos jy die letters sien met jou oë.”



Rico is verstom om te dink dat mense wie blind is, kan ook alledaagse dinge doen, dinge soos om rond te loop in die dorp, liedjies te fluit, soos om te lees.



Sy ma vertel hom: “Die enigste verskil tussen jou en ‘n blinde persoon is dat jy kan sien en ‘n blinde persoon kan nie.” “Ek kan sien, maar ek kan nie so mooi fluit soos hierdie blinde man nie,” en Rico glimlag.



Global Storybooks

globalstorybooks.net

Die fluitende man



Magda Swartz



Petrus Amuthenu



Helena Vilonel

